**Saterdag 10 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 27:30-45**
**Fokusgedeelte: Genesis 27:30-45**
**Die aaklige gevolge van verdeelde gesinne (2)**

In die vorige twee dagstukkies het ons gesien hoe die ouers (Isak en Rebekka) se kies van witbroodjies gelei het tot allerlei onheilighede en bedrog toe dit tyd word vir Jakob om sy seuns te seën. Maar die twee seuns se eie geaardhede in keuses in die hantering van hulle sake lei nou tot nog erger komplikasies (lees weer Gal. 6:7).

Esau se woede eskaleer na die begeerte om wraak te neem – om moord te pleeg. Dié stukkie geskiedenis laat mens so half onwillekeurig dink aan Genesis 4 – die verhaal van Kain en Abel! Die gevolg van die sondeval is nie net onmin nie, maar ook wraakbegeerte en die vermoë om moord te kan pleeg! Haat is gewortel in die sondige mens se geaardheid. Jakob word 'n vlugteling – en in sy omswerwinge werk die Here oor lang jare heen met hom. Hy droom van die leer na die hemele, word op sy beurt bedrieg deur sy oom Laban, worstel met die Here by Jabbok, totdat hy uiteindelik met geskenke vir Esau wil "afkoop" toe hulle jare later weer mekaar ontmoet. Maar die Here het intussen ook met Esau gewerk, en hy ontvang sy broer met broederlike liefde.

Is dit nie geweldig hartseer dat gesinne dikwels deur 'n ongelooflike hoeveelheid trauma moet gaan om tot versoening te kan kom nie! En, nog erger, as daar dalk nooit versoening kom nie! Die geskiedenis van Jakob en Esau moet ons 'n paar dinge leer: As ons die Here ken, en as ons sy genade en liefde gesmaak het, dan moet ons weet dat die pad van versoening en vergiffenis deur die Here vir ons uitgelê is, soveel só dat ons Here Jesus mens geword het om ons met God te kom versoen. As ons dan dissipels van Jesus is, behoort Jesus in ons sigbaar te word (Rom. 8:10; Gal. 2:20), en móét ons self versoening soek na alle struwelinge, en vergewe na alle onreg wat ons aangedoen is!

*Gebed: Vader, dankie dat Jesus vir ons die pad van die minste wees, van vergiffenis, kom leer het. Gee ons die genade om in sy voetspore te volg ... en gee ons die genade om sommer vandag nog vrede te gaan soek as daar in my lewe nog een of ander voortgaande onmin met my broers of susters (of ouers, of enige ander persone) is! Amen.*

*Sing: Skrifberyming 10-2*

*Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)*